**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MOONTLIKE ANTWOORDE VIR : AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG (Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

---

## VRAAG 1
## STAD IN DIE MIS

1.1 'n Dier / 'n ondier (1)

1.2 Vrees / angs (1)

1.3.1 "sluip" (1)
1.3.2 "om" (1)

1.4 Boukonstruksies/geboue/parkeerruimtes/snelweë/brûe (2)

1.5 Verkeersligte / agterligte van motors (1)

1.6 "knor" (1)

1.7 "en met sy hap sluit staal op staal" (geen punt as " " ontbreek) (1)

1.8 Dit dui op "mis" wat alles verberg/lugbesoedeling (1)

1.9 Nee / Sy vrees is gegrond
Die stadsgevare het al talle lewens verwoes.
OF
Ja/ sy vrees is ongegrond
Die spreker klink paranoïes / Stadslewe is opwindend en aangenaam (2)
(Slegs Ja of Nee tel niks). **[12]**

**OF**

## VRAAG 2
## MUSIEK

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Met God | (1) |
| 2.2 | "U" (" ") | (1) |
| 2.3 | Geleidelik op en neer beweeg / die geluid toeneem/kring uit/, maar word sagter/swel/groei | (1) |
| 2.4 | Skielik | (1) |
| 2.5 | 'n Kelk / broosheid/wynglas/kristalglas/wynkelk | (1) |
| 2.6 | s-klank | (1) |
| 2.7 | Fyne | (1) |
| 2.8 | God se aanraking op sy brose hart | (1) |
| 2.9 | Swak / sonder verdediging, beskerming | (1) |
| 2.10 | Dit pas by die gebrokenheid van die spreker (se hart)/pas by hartseer | (1) |
| 2.11 | Ja.<br>Die ontstaan en stilmaak van pyn deur God word in terme van musiek oorgedra/Die melodie/glas sing/smartsang.<br>Nee. Musiek is dikwels vrolik. | (2)<br>**[12]** |

**EN**

## VRAAG 3
## TREURSANG VIR VAN DER MERWE

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Beklemtoning (uitheffing)/Beklemtoon dat die spreker sy eie mening gee / beklemtoning / progressie/ontwikkeling. Spreker raak toenemend betrokke. | (1) |
| 3.2 | "die ewigheid aanvaar" | (1) |
| 3.3 | "Honor" dui op agting / eer / respek/eerbare/agbare persoon<br>"Sint" dui op heiligheid | (2) |
| 3.4 | Kleinlike familietwiste/geldgierigheid/suinigheid/ydelheid/nie bereid om begrafniskoste te dra. | (1) |
| 3.5 | Die ouderdom het ook lewensmoegheid meegebring / ouderdom | (1) |
| 3.6 | Beklemtoning / uitheffing van die dood | (1) |
| 3.7 | "erf"- sonder inspanning / moeite ontvang<br>"Verwerf"- deur verdienste / moeite ontvang | (2) |

3.8 Aand (1)

3.9 'n Treursang is bedoel vir 'n geliefde / dierbare
Die gestorwene is hier onbekend/'n Mens treur nie maklik oor 'n onbekende nie. (2)

3.10 'n Doodgewone oggendberig wakker sy skeppende vertelvernuf aan / verbeeldingsvermoë/digter skep 'n gedig uit 'n koerantberig (1)
[13]

**OF**

**VRAAG 4**
**LIED VAN DIE KINDERS**

4.1 Kinders/as prooi van oorlog/lied van kinders/laat die kindertjies na my toe kom. (1)

4.2.1 Die kinders word geroep / uitgenooi om na Christus te kom (1)
4.2.2 Dit dui die direkte woorde van Christus aan/dui direkte woorde aan/Bybelaanhaling (1)

4.3 Die Tweede Wêreldoorlog / Die vervolging van die Jode deur Hitler (1)

4.4 Weerloosheid / onskuld/vinnige beweging/vryheid/vrees /bangheid (1)

4.5 Enige kinders/kinders/kindertjies (1)

4.6 Die kinders het persoonlike ervaring van wreedheid / lyding (1)

4.7 Vrees/ Angs (1)

4.8.1 Christus/Die Here (1)
4.8.2 "... Na My kom... "/ "Ek sal . . . "/ Die kind van Betlehem ("" verpligtend) (1)

4.9 Wreedheid teenoor kinders/kinders moenie van God weggehou word nie. (1)

4.10 Ja: dit is gepas
Bybelgedeeltes bied troos / sluit aan by die sentrale tema
Nee: dit is nie gepas nie
Nie-Christene mag dink dit is begunstiging (2)
[13]

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

**AFDELING B**
**DRAMA**
***DIE KEISER* (Barto Smit)**
**VRAAG 5**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Hy wil die Keiser dwing om nie aan die optog deel te neem nie/ dit nie te laat plaasvind nie / Hy wil hê die Keiser moet deur die volk verskeur (gedood) word/Hy wil die keiser onttroon/Hy wil die keiser se plek oorneem. | (1) |
| 5.2 | Hy jok vir homself oor die klere.<br>Hy glo maar sy bevele word uitgevoer, maar kontroleer dit nie.<br>Hy jok vir homself oor sy volk se welstand (enige 2). | (2) |
| 5.3 | Kaal tussen die mense te gaan loop. | (1) |
| 5.4 | Hy respekteer die Keiser. | (1) |
| 5.5 | Die Keiser se floute / sy waansin / sy besluit om wel in die optog te loop. | (2) |
| 5.6 | Hy het werklik flou geval; in sy vader se voetspore gevolg wat ook siek was/erf sy vader se siekte/min geslaap/ervaar baie spanning | (2) |
| 5.7 | 'n Onderbroek | (1) |
| 5.8 | Paradysverhaal / sondevalverhaal / verhaal van Adam en Eva | (1) |
| 5.9 | Hy het nooit geslaap nie.<br>Hy het heeltyd gewonder oor die bestaan van die kostuum/twyfel baie | (2) |
| 5.10 | Hy wil hê Hofnar moet die verhaal vertel. | (1) |
| 5.11 | Herhalingstegniek en die uitroeptekens | (2) |
| 5.12 | Om kaal tussen die mense deur te loop | (1) |
| 5.13 | Idealis | (1) |
| 5.14 | Die volk / die mense buite wat wag dat die optog moet begin | (1) |
| 5.15 | (r. 4) maak oop die venster<br>(r. 10) maak toe die venster | (2) |
| 5.16 | Hy is bang (wanhopig) / gespanne | (1) |
| 5.17 | In reël 18 is die Hofnar onbeskof en ongevoelig teenoor die Keiser en in reël 20 vra hy hom om verskoning. (Streng teenoor simpatie) | (2) |
| 5.18 | Nee | (1)<br>[25] |

## VRAAG 6

6.1 Die Keiser kla by Hofnar oor die angsdrome wat hy kry. Selfs helder oordag gebeur dit met hom. Hy droom hy moet kaal voor 'n klomp mense verbyloop en hy kan dit nie doen nie. Dit maak hom kranksinnig van angs en volgens hom voel dit of sy hart wil gaan staan. Toe hy flou word, het dit gelyk of hy dood is. Hierdie angsdrome is dus 'n voorspelling van sy floute. Omdat hy daarna waansinnig was, korreleer dit ook met die feit dat sy drome hom kranksinnig maak. Die Keiser glo dat hierdie drome 'n oorgeërfte saak is. Sy vader was die mal Keiser en hy het kaal in die strate geloop omdat sy klere hom gebrand het. Die Keiser noem sy vader se probleem 'n siekte. Hy het nou daardie siekte geërf en dit loop uit op sy floute.
Fisies kla die Keiser ook van jig, 'n aanduiding dat hy al oud was en nie meer heeltemal gesond nie. (5)

6.2 Hofnar is die Keiser se oë en ore. Die valshede wat die Keiser miskyk, sien Hofnar namens hom raak. Hofnar ontmasker deurgaans die leuens en die ministers soek daarom 'n rede om hom uit die weg te ruim. Dit is veral sy tussenwerpsels wat ontmaskerend van aard is bv. "Nogal 'n mooi pop, ja." en "Ha! Nou sal julle moet sien vir 'n vale."
Hofnar was nog van altyd af daar (alsiende oog) en dit laat 'n mens aan God dink. Omdat hy die waarheid voorstaan, laat dink hy aan God. Hofnar word ter wille van die waarheid in die kerker gegooi; soos Jesus wat onskuldig gekruisig is.
Die feit dat die Hofnar die sondevalverhaal vertel, versterk die vermoede dat hy as bonatuurlike wese beskou kan word.
Hofnar het simpatie met die Keiser; hy is ook lojaal aan hom. Hy ontbloot heeltyd by wyse van grappe die waarheid aan hom.
Hofnar se verhouding met die Keiser is intiem - nie eers die Keiserin praat sulke diep dinge met die Keiser soos Hofnar nie. Gedurende die nag voor die optog, ondersteun Hofnar die Keiser. Hy moedig hom aan om in die optog te loop. Hy kalmeer die Keiser en probeer sy selfbeeld herstel. Kandidate kan aanhalings as motiveringstof gebruik soos: "My dapper Kroon. Nie 'n bang haar op sy tande nie." en "Loop in die optog, my Kroon! Jou volk wéét van jou." (10)

6.3 Diplomaat se bande met die buiteland maak dit moontlik om saam met die Wewers (kastige heersers van Utopia) te werk. Hulle plan is om die Keiser te onttroon en die nuwe regeerders te word. Diplomaat help om die Keiser en Keiserin se klere te steel. Die Wewers gee voor dat hulle 'n kostuum kan weef wat onsigbaar is vir die bedrieërs en die onbekwame mense.
Hulle wil hê die Keiser moet afstand doen van sy troon omdat hy nie kaal in die optog sal wil loop nie. Andersins sal die volk hom in elk geval doodmaak omdat hy nooit na hulle belange omgesien het nie.
Hoewel die Keiser swak regeer het en die hofhouding verryk het, het hy nie doelbewuste misdade gepleeg nie. Toe hy waansinnig word, loop hy kaal in die optog en die volk vereer hom omdat hy hom met hulle, die arm, kaal, slawe vereenselwig. Maar tog, met die koppe van Kultuur en Maarskalk in die optog, glo die volk dat die bedrieërs deur die Keiser om die lewe gebring is.
Die Wewers moet die aftog blaas. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

**AFDELING C**
**ROMAN**
***KRINGE IN 'N BOS* (Dalene Matthee)**
**VRAAG 7**

7.1 Saul as ontuis karakter in groepe

Van sy kinderdae af is Saul anders as die ander Bosmense. Hy is intelligenter as hulle en bevraagteken hulle aanvaarde praktyke en gelowe. Nadat hy die bloubokkie se kop oopgekap het en vir homself vasgestel het dat die gal nié daarin sit nie, bevraagteken hy nog méér van hulle gebruike. Vir sy mense, wat maar net hou by hulle eie tradisies, is so 'n optrede onaanvaarbaar. Hulle kan nie verstaan waarom hy akkoord gaan met die boswagter se aanbevelings oor die uitkap van die bome en die skiet van olifante nie. Hulle brandmerk hom as spioen en verraaier. Die probleem vererger as hy by MacDonald gaan werk, later goud begin delf en aanbeveel dat hulle óók goud delf.
Tydens sy verblyf by MacDonald op die dorp word Saul ook nie deur die dorpsmense aanvaar nie. By MacDonald woon hy eenkant en as Kate hom gaan besoek, moet sy versigtig te werk gaan dat ander mense haar nie sien nie. Vir die dorpsmense is hy verteenwoordigend van die Bosmense en hulle weier hom toegang tot die openbare biblioteek. MacDonald laat Kate die woorde uitskryf: "All woodcutters are wild and dirty and so are their children". As Caroline MacDonald hom later besoek wanneer hy reeds finansieel sterk is, is dit steeds haar gevoel dat haar "koninklike bloed" nié mag meng met die bloed wat uit die Bos kom nie.
Ook as delwer is Saul nie regtig deel van die delwers as groep nie. Hy delf eenkant en steek sy skerm só weg dat niemand eintlik weet waar hy is nie. Alhoewel hy op 'n manier bevriend raak met Peter Crompton-hulle, behou hy 'n afstand en weier hy om later saam met hulle 'n hotelonderneming te begin. (15)

7.2 Kate se bydrae tot Saul se ontwikkeling

Van hulle eerste ontmoeting af is Kate in Saul geïnteresseerd en wanneer hy later by haar pa gaan werk, besoek sy hom dikwels by die skuur. Dit is hier waar sy vir hom die boek *David Copperfield* van Charles Dickens bring om te lees. Die lees van hierdie boek, tesame met die gesprekke wat Kate met hom voer, maak Saul vertroud met die Engelse taal. Dit stel hom weer in staat om onder die indruk te kom van MacDonald se bedrog teenoor die houtkappers. Ook kan Saul later met vertroue onderhandel oor die prys van sy goed wanneer hy begin delf.
Later in Saul se lewe, toe hy besluit het om sy eie meubelonderneming op die dorp te begin, het MacDonald dit onmoontlik gemaak vir hom om plek te bekom vir dié saak. Kate kom egter tot sy redding deur Thompson se hoekerf te koop wat hy dan weer by haar kan koop. Op hierdie wyse help sy hom om sy doel te verwesenlik.

*Kandidate se eie gemotiveerde mening of Saul en Kate se verhouding kan slaag, word verwag. Moontlike argumente kan wees: Kate het met die aankoop van die hoekerf gesê dat sy nie meer omgee of haar pa daarvan hoor nie, haar verhouding met Saul is dus vir haar belangriker en dit kan slaag / As gevolg van die geweldige klasseverskil en MacDonald se mag op die dorp is dit feitlik onmoontlik dat dié verhouding op die lange duur kan slaag.* (10)

**[25]**

## VRAAG 8
## *BY FAKKELLIG* (Karel Schoeman)

8.1 Die kontras tussen die twee kerkdienste soos David dit beleef het

David beleef die Katolieke Middernagmis as 'n unieke ervaring. Die mense woon dit armoedig geklee by (verskeie is kaalvoet), hulle loop daarheen met fakkels en hý voel dat "alle dinge vir hom verander" is hier by die fakkellig - die verhaaltitel kom ter sprake. Hy herken feitlik nie die gewone boerevolk van elke dag nie en voel dat hulle hier 'n soort waardigheid en skoonheid gekry het. Liam is intens betrokke en erken teenoor David dat hy glo. David staan egter nog eenkant "in die skadu aan die rand van die byeenkoms".
By die Protestantse Kersdiens die volgende oggend val die fokus op die welvaart van die kerkgangers. Hulle kom as families in afsonderlike rytuie daar aan, in mantels en jasse gepantser teen die koue, en die dames is in weelde geklee. Tydens die diens sit hulle "elkeen toegesluit in die skemerduister van sy eie hoë familiebank met voetstofies en rooi fluweelkussings". Daar is ook 'n streng hiërargie met die bediendes wat in laer banke geplaas is.
Die dominee se preek beïndruk David glad nie. Hy begin wel met 'n verwysing na die Seun wat gebore is, maar sy preek handel oor die politiek van die dag en David sit verveeld "sonder om selfs 'n gesangboek oop te maak of ag te slaan op die preek". David is moeg na die vorige nag se diens en sluimer telkens in. Die "flarde" van die preek wat hy tog soms hoor, verwys telkens na die toestande in Frankryk, en ander Europese lande asook die bedreigings in Ierland self en die predikant se indoktrinasie dat húlle dit nie gaan toelaat nie. Aan die einde word die Nagmaal bedien en David beleef dit "as blote formaliteit".

Na hierdie twee dienste pla dit David al hoe meer dat Liam glo en hyself weet nie waaraan hy kan glo nie. Hy raak al hoe meer betrokke in gesprekke met Liam en Séamas en uiteindelik dra dit daartoe by dat hy hom eerder skaar by die Katolieke lere as die Engelse grondeienaars. (15)

8.2 David se betrokkenheidsgroei

David is aanvanklik passief, maar na gesprekke met Liam en Séamas en ná Liam se dood verander dit. Liam is juis dood na 'n geveg waarin hulle te min wapens gehad het. David voel nou dat hy iets moet doen in die plek van Liam en hy onderneem om wapens en ammunisie te probeer kry. Na hy Hardinge se pistole gesteel het, vertrek hy na ds. Burnwoord. By laasgenoemde is die ontwapening oop en bloot, tot die predikant se verbasing. Hierna klim David op sy perd en jaag weg met die wapens.
Wanneer David deur 'n soldaat gekonfronteer word, skiet hy hom dood en word agtervolg deur 'n hele groep ander soldate. Hy kom tot die ontstellende besef dat hy nie ammunisie ook geneem het nie. Kort hierna word David gewond en gevange geneem waarna hy verhoor en ter dood veroordeel sal word.
*Kandidate se eie mening word verwag, met die volgende moontlikhede: Vir David was sy optrede sinvol, want hy raak nou betrokke by 'n saak en voel dat sy lewe die moeite werd was / As daar na die slot van die roman gekyk word, is David se optrede nié sinvol nie. Hy verstaan nie Alice se veranderde sienings nie, maar is ook onbegrypend teenoor die tronkbewaarder se seun wat vir hom sê dat daar loftiedere en ballades oor hom gesing word.* (10)

[25]

## VRAAG 9
## *FIELA SE KIND* (Dalene Matthee)

9.1 Benjamin se onsekerheid en die oplossing daarvan

Benjamin se onsekerheid oor sy identiteit kom sterk na vore wanneer die twee sensusmanne op Wolwekraal opdaag en die voorneme uitspreek om hom na die magistraat op Knysna te neem sodat vasgestel kan word of hy nie dalk Barta van Rooyen se kind is wat nege jaar vantevore in die Bos verdwyn het nie. Fiela se vrees word na hom oorgedra en hy begin vrae vra oor mense wat wit of bruin is. By die magistraat het hy volgehou dat hy Fiela Komoetie se hanskind is, maar dit het geen indruk gemaak nie. Die Van Rooyens het dit by hom ingedril dat hy Lukas van Rooyen is en in die Bos het hy later besef dit sou nie help om daarteen te blý stry nie, al sou die innerlike konflik tot in sy volwasse lewe bly voortduur.
Wanneer hy later by die hawe op Knysna werk en Nina ook in die dorp woon en werk, word dit 'n soort roeping by Benjamin om haar te beskerm. Hy begin 'n gevoel van liefde vir haar ontwikkel en moet daarteen stry, omdat hy haar broer is. Die onsekerheid vreet aan hom; hy vóél nie soos Lukas van Rooyen nie en hy gaan terug na die Lange Kloof om sekerheid te probeer kry. Dáár sê Fiela vir hom: "As sy jou suster was. . . Sou bloed gekeer het." Sy gee hom die raad om met Barta van Rooyen te gaan praat; sy is die enigste mens wat hierdie probleem kan uitklaar.

In die Bos hou Barta egter vol met haar leuen en sê sy het dan voor die magistraat gesweer dat hy Lukas is. Sy gevoel vir Nina het egter nie opgehou nie. Toe gebeur daar iets wat hom wéér laat voel het hy ís nie Lukas nie. Hulle red 'n klomp drenkelinge in die hawe en een man sterf voor sy oë en by sy roeispaan. Hy voel dat Lukas van Rooyen soos die seeman op daardie middag gesterf het en besluit om éérs na die Bos te gaan en by Barta aan te dring op die waarheid. Terug in die bos was Barta merkbaar ontsteld, maar sonder groot druk kom sy met die waarheid vorendag dat hy nié Lukas is nie. Op hierdie manier word Benjamin vrygemaak van die stryd wat in hom gewoed het. (15)

9.2 Nina se rol in Benjamin se lewe

In die Bos is Nina die eerste persoon wat werklik op 'n vriendelike manier met Benjamin kontak maak. Sy vertrou hom met haar geheime oor die Bos en wys hom hoe om by Diepwalle se pad, wat ook die pad na die Lange Kloof is, te kom. Op die balke werk sy saam met hom, maar skep geleenthede om saam met hom in die Bos te loop. Sy vertel hom van die olifante en ook dat sy gesien het waar olifante se kleintjies vandaan kom. Sy is ook eerlik krities teenoor haar pa, wat 'n vanggat vir olifante gegrawe het, met hom. Op hierdie wyse ontwikkel daar 'n soort band tussen Benjamin en Nina.
Aanvanklik is dit vir Lukas 'n straf as hy dorp toe gestuur word om Nina te gaan soek. Hy hoor dan die nuus dat sy dikwels alleen rondloop en dat seemanne 'n bedreiging vir haar inhou. Wanneer hy haar kry, vra hy dat sý moet teruggaan en vir Elias-hulle sê hy is klaar met die Bos. In hierdie tyd raak hy liggaamlik meer bewus van Nina en 'n soort jaloesie begin in hom groei. Hy begin voel dat hy nie wil hê sy moet sy suster wees nie!
As gevolg van sy gevoel vir Nina kán Benjamin nie anders as om sy identiteitsprobleem met Fiela te gaan bespreek nie. Hy gaan daarna twéé keer na Barta toe om die waarheid uit te vind en die tweede keer erken sy dat hy nié haar kind is nie. (10)

**[25]**

## VRAAG 10
## *TOORBERG* (Etienne van Heerden)

10.1 Die omstandighede van Druppeltjie (Noag) du Pisani

Noag is gebore uit 'n buite-egtelike verhouding tussen Waterwyser du Pisani en KênsTillie. Soos wat sy pa se bynaam aandui, is hy iemand wat in die omgewing aanwys waar daar onderaardse water is. KênsTillie is die afwykende (en enigste) dogter van Abel en Ella Moolman. Vanweë Waterwyser se swerwersbloed en KênsTillie se afwykende gedragspatrone is nié een van hulle vir die Moolmans aanvaarbaar nie; KênsTillie was vir Abel "die verskriklikste ding wat uit sy lende kon kom" en sy is gedoem tot daggatee en opsluiting in 'n kamer waar sy beheer kon word. Slams sê dat beide Waterwyser en Tillie gebore is met die gawe van "binneste oë", d.w.s. om bonatuurlike dinge waar te neem.

Van die begin af het Abel en Ella vir Noag nié aanvaar as 'n Moolman nie. Toe Tillie haar swangerskap aan Abel bekend maak, het hy hom nooit weer aan haar gesteur nie. Ella het wel gesorg dat doeke omgeruil en bottel gegee word, "sonder om ooit self 'n hand op Druppeltjie te lê". Abel het die kind nooit aangespreek nie, en die eerste keer na hom geroep toe hy vasgedruk in die boorgat was.
Die naam Noag is deur die pa, Waterwyser, gekies omdat dit óók water aandui. Abel het geen beswaar gehad nie, solank daar nét nie 'n Moolmannaam gegee word nie. Sy bynaam Druppeltjie, hou verband daarmee dat hy " 'n kind van die weemoed" was - gebore met 'n druppeltjie wat aan die linkerwang gekleef het vir sewe maande lank. Water én trane is dus in sy naam en bynaam vervat.
Vir water het Noag 'n voorliefde gehad en, soos sy pa, was hy ook baie lief vir wilgerbome. Na hy die eerste keer by 'n boorgat was, het hy bedags van die skooltjie weggeloop na waar daar geboor is en hulle kon hom moeilik daar weghou. Waterwyser is oortuig dat hy óók die gawe het om water te wys en Slams sê dat hy ook die "binneste oë" het. Nadat hy in die boorgat geval het (volgens Slams a.g.v. De la Rey se gees), het die hele gemeenskap om die gat saamgetrek - die Moolmans sowel as die Skaamfamilie. Daar sou hulle almal deur Abel geraadpleeg word voor die genadeskoot afgevuur word. (15)

10.2 Die bonatuurlike in *Toorberg*

Vroeg reeds raak ons bewus van die geeste van dooie mense wat 'n rol in die verhaal speel. Hulle is veral duidelik teenwoordig tydens die situasie wat ontwikkel het rondom Druppeltjie se dood. Die oggend van dié krisis is De La Rey se spore met die een mank been onmiskenbaar sigbaar in Ella se tuin. Tydens sy vorige besoek, toe hy ook al volgens die Staat reeds dood was, het hy 'n geruime tyd in die huis gebly en rondgesnuffel. Daar is ook suggestie dat die magistraat eintlik 'n terugkerende De La Rey is en Slams sê dat dit De La Rey se gees is wat Druppeltjie in die boorgat laat val het.
Ander voorbeelde van dooie mense wie se perspektief op die gebeure gegee word, is Ouma Magtilt en StamAbel. Ouma Magtilt hou byvoorbeeld vir Ella dop en dink na oor haar verhouding met De La Rey asook haar kinders en hoe Ella in die opstal huishou. Terselfdertyd gaan haar gedagtes terug na hoe sy en StamAbel die wêreld hier makgemaak het. StamAbel is weer teenwoordig by die gat waar sy kleinseun sukkel om vir Druppeltjie te red. Saam met Ouma Magtilt kyk hy toe hoe Abel die kabel knoop om die seun te probeer uithaak.

Die verhaal is 'n familiesage en deurdat die perspektief van dooie mense ook gegee word, word 'n meer universele beeld gegee. Terselfdertyd word gesuggereer dat die hele stam skuldig is aan Druppeltjie se dood, nie nét die lewendes nie. (10)

[25]

**KONTEKSTUELE VRAE:**

**VRAAG 11**
***KRINGE IN 'N BOS* (Dalene Matthee)**

| | | |
|---|---|---|
| 11.1.1 | Sy wou nie graag haar ouers teengaan nie/Was bang vir haar ouers/Sy weet haar ouers keur verhouding af. | (1) |
| 11.1.2 | Ja / Nee | (1) |
| 11.1.3 | Sy is afhanklik van haar ouers en Saul is nie só 'n besondere persoon dat sy haar hele lewe tot dusver vir hom kan opoffer nie. / Sy is werklik lief vir Saul en dis tyd dat sy dit duidelik onder haar ouers se aandag bring (oorweeg kandidate se eie motiverings hier). (Bly perspektiefgebonde) | (1) |
| 11.2 | Caroline spreek dit met groot nadruk uit/Sy wil dit beklemtoon/Engelse woord/Omdat McDonald belangrik is. | (1) |
| 11.3 | Sy bedoel dat Saul hom aan Kate opdring, half teen haar sin. | (1) |
| 11.4 | Nee. Saul het altyd 'n afstand teenoor Kate probeer behou, maar sý het moeite gedoen om met hom kontak te maak. (Nee tel 'n punt al is motivering onaanvaarbaar) | (2) |
| 11.5 | Woede. Hy sal moeite moet doen om sy selfbeheersing te behou. | (2) |
| 11.6 | "U" is formeel en met respek.<br>"Jy" is informeel en sonder respek. | (2) |
| 11.7 | "Dit was snydend en asof sy elke oomblik geniet"/ "Ek glo dat sy dit nie as ernstig genoeg beskou om ons daarmee te ontstel nie." | (1) |
| 11.8 | "'n besige man is nie 'n geduldige man nie"/ "voordat my man. . . dit sy plig ag om jou te kom spreek." | (1) |
| 11.9 | Dit beklemtoon hoe ernstig Saul was om kalm te bly. | (1) |
| 11.10.1 | Saul. | (1) |
| 11.10.2 | Hy raak nie so opvlieënd soos sy nie en bly kalm. (1 punt per persoon) | (2) |
| 11.11 | Amusant | (1) |
| 11.12 | "Ek wonder maar nou net of ek u as u Hoogheid of u Majesteit moet aanspreek." | (2) |
| 11.13 | Ja, die situasie is so dat Saul hier plesier daaruit kry om haar kwaad te maak/Saul tart haar. | (2) |
| 11.14 | Caroline sukkel om die regte woorde te vind wat sy wil sê. | (1) |

11.15 Kandidate se eie mening en die motivering bepaal die punt, bv. Ja; ek weet as ek so kalm bly, is ék in beheer van die konflik / Nee; sy praat so vernederend met Saul en hy moes in die verlede soveel verduur dat kalmte onmoontlik geraak het. (Ja/Nee en motivering moet sluit) (2) [25]

**VRAAG 12**
***BY FAKKELLIG*** **(Karel Schoeman)**

12.1 Hy het Latynse sinne vertaal en ontleed/Hy het haar in Latyn geantwoord. (1)

12.2 Dit is 'n uiters intelligente seun wat nou iewers by 'n boerderytjie of as kneg sal moet gaan werk. (2)

12.3 Liam (O' Neill). Toe hulle moes gaan skuil teen die reën in 'n boerehut. Hy het hulle gehelp toe bedelaars hulle oorval het in Droim Cille. (3)

12.4 Die mense "kies"dit nie eintlik nie; hulle het geen ander opsie nie/Hulle het juis geen ander keuse nie. (1)

12.5 Alice is betrokke by die gesprek met die man, maar sy verstaan nie die verwytende gevoelens nie. David wil nie graag by die situasie betrokke wees nie en hy kan aanvoel hoedat die man verwytend teenoor hulle as grondeienaars is/Alice stel belang in die lere en David glad nie. (2)

12.6 Alice is nuuskierig/David is onbetrokke
Alice wil hê David moet vir die man geld gee. (2)
Alice maak die uitspraak dat alles húlle grond is.

12.7 Dit sluit aan by die gedagte dat sy nie 'n definitiewe rede het waarom sy die geld gee nie of sy bly "vaag"/Sy kom onseker voor (1)

12.8 Verneder. Hy gooi dit later weg omdat hy nie gunste van hulle wil ontvang nie/ Woedend. Hy voel daar word op hom neergesien, hy gooi dit weg. (2)

12.9 David weet van die wette wat vir die lere onderdrukkend is, maar Alice probeer vriendelik gesels en vra ook waarom die seun nie na 'n goeie skool toe gaan nie. (Perspektiefgebonde) (2)

12.10
12.10.1 Hy is trots/opstandig. (1)
12.10.2 "en toe lig hy sy kop op"/"en buig effens vir David" (1)

12.11 Motivering bepaal die punt, bv. Ja; as trotse man kan hy nie geld aanvaar wat op so 'n neerbuigende houding gegee word nie / Nee; Alice het met baie goeie bedoelings gereël dat David dit gee. (2)

12.12 Hy weet sy het dit goed bedoel met die geld en wil haar nie ontstel nie. (1)

12.13 Skole van onderdrukte mense in die vorige bedeling moes ook dikwels met min hulpbronne klaarkom en daar was ook min geleenthede vir talentvolle kinders uit dié skole. (2)

12.14 Sy kan dan nie verstaan waarom David sy lewe opoffer vir die arm Iere se saak nie/Haar simpatie lê nie meer by die Iere nie/Sy identifiseer nou met die Engelse landhere. (1)

12.15 Hy nooi David na die Katolieke middernagmis waar sy perspektief baie verander/Hy stel hom voor aan nog Ierse denkers soos Seamas Ban en Vader O'Floinn. (1)
**[25]**

**VRAAG 13**
***FIELA SE KIND* (Dalene Matthee)**

13.1 Sy het nou al nege jaar lank goed vir hom gesorg/Sy het hom grootgemaak. (1)

13.2 Die twee sensusmanne die lange en die dikke wat vir die eerste keer dit onder die aandag gebring het dat 'n wit kind by die bruinmense bly. (2)

13.3 Sy stap vir 'n tweede keer Knysna toe om by die magistraat te pleit. (1)

13.4.1 Elias (van Rooyen) (1)
13.4.2 Hy is selfsugtig en sou persoonlik voordeel trek uit die situasie. (2)

13.5 Sy wil baie respek betoon, sodat hy genadig kan wees teenoor haar. (1)

13.6
13.6.1 Benjamin. Hy is weggevat van die vrou wat hom met liefde as haar eie grootgemaak het. (2)

13.6.2 Salomo moes ook by geleentheid uitspraak gee oor twee vrouens wat aanspraak maak op dieselfde kind. (1)

13.7 Hy het nou finaal genoeg na haar geluister./Hy raak ongeduldig (1)

13.8 Met 'n aalweepil (1)

13.9 Fiela word deur die magistraat in die rede geval/Fiela kan nie klaar praat nie. (1)

13.10.1 Ja / Nee (1)

13.10.2 Die vrou behoort die klere te kan onthou waarin haar kind weggeraak het / Dit sal net nog op 'n verdere stryery tussen Fiela en die bosvrou uitloop. (1)

13.11 Hy raak ongeduldig / kwaad / geïrriteerd. (1)

13.12

13.12.1 Hulle bure op Wolwekraal (1)

13.12.2 Hy weet nie eers hoe groot dit is nie en ook nie of die volstruise wél sal broei nie / Hy is oningelig oor die omstandighede rondom die grond. (1)

13.13 Sy beplan vir sy toekoms, maar Elias misbruik hom om vir sy voordeel te werk. Sy versorg hom en in die Bos word hy verontreg. (oorweeg ander antwoorde ook). (2)

13.14 "Die jaar met die kriekplaag in die Kloof is dit ongelukkig opgevreet. . . " (1)

13.15 Na die dubbelpunt word die "goedheid" genoem wat sy vir hom vra. (1)

13.16 Fiela kom met 'n redelike versoek dat die saak heropen moet word, maar sy word nie werklik geleentheid gegun nie en die konstabel word geroep/Bruinmense het nie juis in daardie tyd 'n sê gehad nie. (2)
[25]

**VRAAG 14**
***TOORBERG* (Etienne van Heerden)**

14.1 U (1)

14.2 Kandidate se eie mening en die motivering bepaal die punt, bv. Abel; hy het Druppeltjie 'n genadeskoot toegedien / Die hele gemeenskap; Abel het alle teenwoordiges eers geraadpleeg, ens. (2)

14.3 Hy het met verskillende mense oor die situasie gaan gesels / voor hy die ondersoek begin het, het hy die hele stamboek gememoriseer. (1)

14.4 Daar is nie meer so baie water nie. (1)

14.5 Daar sal nog verskeie name bygevoeg kan word. (1)

14.6

14.6.1 Wanneer 'n persoon na sy / haar dood weer op aarde verskyn en as iemand anders voortleef. (1)

14.6.2 Sy is dood. (1)

14.6.3 Hy skeur dit op en spoel dit in die toilet weg. (1)

14.6.4 Hy is 'n soort reïnkarnasie van De la Rey Moolman. (1)

14.7 Die magistraat word met 'n hond vergelyk. (2)

14.8 Teenoor sy vrou. (1)

14.9

14.9.1 Abel en Ella Moolman se verstandelik gestremde dogter / Druppeltjie se ma (1)

14.9.2 'n Mitologiese bangmaakfiguur / heks (1)

14.9.3 Die bonatuurlike speel 'n groot rol op hierdie plaas. (1)

14.9.4 Die magistraat (1)

14.10 Hy voel sterk aangetrokke tot haar. (1)

14.11 Na Abel (1)

14.12 In wese is al die geslagte Abels dieselfde (1)

14.13 Kolganse (1)

14.14 "donker berg agter die opstal." (1)

14.15 Hulle trots (1)

14.16 Motivering bepaal die punt, bv. Ja; uit die ondersoek blyk dat die hele stam skuldig is en hy kan nie net een sondebok maak nie / Nee; as regsgeleerde is hy veronderstel om 'n skuldige te vind. (2)

**[25]**

**TOTAAL: 75**

**AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG**

**NASIENTABEL VIR LANGER SKRYFSTUKKE**

**TAAL EN STYL**

| 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| VOLLEDIG | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| EERSTEKLAS | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| GEMIDDELD | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| ONDERGEMIDDELD | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| SKRAAL | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| ARM | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

INHOUD

**EINDE**